

20 Februarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:7-16  
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:7-10  
HK, Vraag 51

### Die hande en voete waarmee die Hoof die wêreld aanraak

Dit is niks anders as hémelse gawes – so bely ons – wat ons verheerlikte Hoof in ons as ledemate van sy liggaam (hand, voet, oor, arm ...) uitstort nie. Met sulke geskenke uit die hemel maak die Heilige Gees ons deel van die verhoogde Gekruisigde se hemelse “inval” in hierdie ou wêreld van dood en wanhoop. Nêrens word dit duideliker geteken as in Efesiërs 4:7 nie. Paulus haal in hierdie vers ’n gedeelte uit Psalm 68 aan. Daar sing die psalmdigter van God wat krygsgevangenes geneem en geskenke “ontvang” het. Paulus gebruik waarskynlik ’n vertaling waarin mens lees dat God gawes “gegee” het. Só pas hy dit toe op Christus wat ná sy hemelvaart, in ’n ryke verskeidenheid, geestesgawes (ook genoem “charismatiese” gawes) oor sy kerk laat uitvloei het.

Dit is byna soos die “salfolie” uit Psalm 133 wat van die hoof van die hoëpriester afdrup en sy hele liggaam (tot by die some van sy kleed) deurtrek. Só laat Christus uit sy volheid as Hoof feesgawes van sy oorwinning op ons, sy liggaam, afstort. Die stroom gawes deurtrek sy hele liggaam, sodat elkeen van ons ’n gawe of gawes ontvang. Die hele kerk – tot by die kleinste kind! – is begaaf. Elkeen is deur die Heilige Gees bemaagtig vir ’n bepaalde taak of take. Ook die besondere dienste in die kerk is sulke gawes van die Hoof aan sy kerk (vers 11): “En dit is die ‘gawes’ wat Hy ‘gegee het’: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars.” Die verhoogde Christus wil vandag nie in die eerste plek engelehande op aarde gebruik nie. Weet jy wat is die hande wat Hy uitsteek om hierdie wêreld aan te raak? Tel jóú hande op ... Gebruik jóú voete ...!

*Dr. PP Kruger (Meyerspark)*

~~~~~